WellingtonINFO 2013.03.20

1. **Verlore Eiendom:** Indien iemand dalk in Uitsig, Nuwe Uitsig of Wellington Oos in die omgewing van Hugenote Laerskool of NG Oos gemeente 'n GoPro Kamera optel wat geheg is aan n swart toestel (soos 'n helikopter) met vier waaiers, skakel asb. vir Trevor Roux by. 082 555 0598. Daar is n beloning van n R1000.00

2. **Gevonde Eiendom:** Die Polisie op Wellington het laat weet dat hulle beslag gelê het op verskeie items wat vermoedelik gesteel is. Onder andere krieketkolwe, kamp toerusting ens. Indien jy onlangs die slagoffer van huisbraak of diefstal was, kontak gerus die Polisie. Kontaknommers kan gevind op op die webtuiste by: http://www.wellingtoninfo.co.za/index.php/gemeenskapsprojekte/kontak-besonderhede/

3. Net om u te herinner aan die **Wellington Sakekamer se AJV Maandag 24.03.2014** Tyd: **18:00 vir 18:30**
Venue: Monte Vidéo Gastehuis, Kerkstraat, Wellington

   Gasspreker by die geleentheid sal wees **Minister Allan Winde**, Ministerie van Finansies, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme in die Wes-Kaap - Onderwerp: "**Ekonomiese vooruitsigte vir die volgende 3-5 jaar**"

   Om u sitplek te verseker RSVP asb. voor of op 21.03.2014 by Jenny@mattelo.co.za of skakel haar by 021-8642942 of 079 516 7666

4. **Die volgende eposse / skrywes is van Wellington en Paarl inwoners ontvang:**

4.1 Betroubare tuinwerker gesoek: **"**Ek weet glad nie of jul met sulke aanbevelings kan help nie. Ek is opsoek na betroubare iemand wat my Dinsdae in die tuin kan help. Ek wil nie sonder reference iemand in my privaat erf toelaat nie. As jul dalk vir my raad kan gee waar ek na so iets kan kyk of inligting kan kry. Baie dankie FJ Rupping - Stuur asb. inligting na: fj@fruitworks.co.za

4.2 Thank you to Wellington Police: "I know South African's are quick to complain about crime and our Police force. However, this morning a burglar broke in to a house next door and escaped over my property. I accosted him and called the Wellington Police for assistance. They answered the phone within seconds, listened to me and assured me they will respond quickly.
Sergeant's Small and Jacobs arrived within 5 minutes and apprehended the suspect as he was found with stolen property in his possession and a very long knife! What I appreciated most was the sergeant's proud and professional appearance and approach; they are presentable, well-mannered and extremely efficient!

So well done to Lieutenant Smiles from the Wellington police station and his staff for responding quickly and in a professional manner, I am proud of a police force that can do their job so efficiently! Marius Nicholson"

4.3 Openbare pad in swak toestand: "Hallo julle, Wie moet ons kontak in verband met swak toestand van die pad en parkeer area by die stasie in Wellington? Die winter is om die draai en gaan daar verseker groot probleme ontstaan met die "dongas" Baie dankie. Vriendelike Groete Paul Greyling (paul@BolandDP.co.za)

4.4 "Net twee voorstelle: die kuierplek in **Noorder Paarl bo Retief straat** is groot gevaar want ek het al gesien hoe mense uitry daar wat slinger!!! Kan verkeers departement nie kamera daar sit nie? en in verband met die **plante wat gesteel is** - gebruik die lang wit dorings en sit hulle rondom en tussen die plante. Die ouens steel die goed saans - sal net een keer daardie dorings in sy hande kry – Groete Lorna Smith"

4.5 Probleme met diefstal: "Ek wil net noem dat in Vyfdelaan my erf deesdae soos 'n one stop shop besoek word deur diewe. Daar word elke kort kort iets weggedra. Selfgeboude oefen masjien (wat baie swaar is en in my

toe agterplaas is, Swembad pyp/besem. Yster fietsie (plant staander) wat in my agter tuin gestaan het, sambreel staander. Hierdie is alles goed wat een vir een weggedra word. Ek wonder net of dit na 'n skrootwerf geneem word en of hierdie mense dit aanvaar sonder om vrae te vra. Alles wat kan weggedra word is nou weggedra. Ek voel baie onveilig in hierdie pragtige dorp van ons. Groete Sonja"

4.6 DANIEL MANNEKONFERENSIE: "Op **11 & 12 April 2014** by Diemerskraal net buite Wellington. Vrydag v/a 18:00 – 21:00 en Saterdag v/a 08:00 – 16:00. Die kostes bedra R200-00 pp wat etes (behalwe ontbyt) en koffie insluit. Registrasie en betalings by NGK Wellington-Oos se kerkkantoor tot 4 April om 12:00. As u wil voorbidding doen, skakel met Adell Erasmus 082 925 7190. As u bereid is om geestelike berading of voorbidding te doen tydens die konferensie, skakel met ds Jan of NJ."

4.7 Saamry geleentheid aangebied. "Vanaf Paarl na Bellville, verkieslik 'n persoon met sy of haar eie vervoer. Werksure is vanaf 7 uur to 4 uur, vertrek uit Paarl 6 uur die oggend. Kontak, Crystal by 0825136620. Dankie Crystal Manuel"

4.8 Nog n diefstal: "Ag ek bring maar net onder die aandag dat hulle vannag ons koper posbus gesig afgesteel het. Hulle het beslis die nodige by hulle, want die gesiggie was stewig vasgeskroef en dit is ewe netjies afgehaal. Groete Marina Rossouw"